
# RPO Markverslag
## Week 39 van 2025





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | **R36.97** | -0.3% | -1.0% | 19.1% |
| A2 (R/kg) | **R72.46** | 3.4% | -3.0% | 38.4% |
| B2 (R/kg) | **R61.22** | 0.3% | 1.5% | 39.6% |
| C2 (R/kg) | **R60.19** | 0.5% | 0.4% | 40.3% |

## Speenkalwers

Die prys het in Week 39 effens gedaal teenoor die vorige week en is tans 19.1% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die effense daling in die prys kan toegeskryf word aan die ‘n hoër aanbod op speenkalwers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys weer in `n stygende fase sal ingaan tot einde Februaie. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in November rondom R37/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R34/kg en nie hoër as R41/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 39 skerp gestyg met 3.4% teenoor die vorige week en is tans 38.4% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die skerp styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n laer aanbod op karkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou vanaf Oktober tot in Desember en dan stelselmatig kan begin daal soos die nuwe jaar aanbreek. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in November rondom 74/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R66/kg en nie hoër as R82/kg behoort te wees nie.

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*


# RPO Markverslag
Week 39 van 2025




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R48.97 | -2.5% | -3.0% | 22.8% |
| A2 (R/kg) | R109.38 | -0.5% | -0.4% | 20.4% |
| B2 (R/kg) | R87.16 | 1.7% | 0.6% | 32.0% |
| C2 (R/kg) | R83.75 | 1.6% | 0.6% | 31.4% |


## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 39 met 2.5% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 22.8% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue hoër aanbod op lammers huidiglik in die mark. Die verwagting is dat die prys kan daal tot in Desember en dan sywaarts beweeg in die eerste twee maande van die nuwe jaar. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in November rondom R48/kg te wees en nie laer as R44/kg en nie hoër as R53/kg nie.




## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 39 met 0.5% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 20.4% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue hoër aanbod op lamkarkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys in Oktober en November steeds kan daal en dan stelselmatig kan begin styg in Desember. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in November ongeveer R108/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R101/kg en nie hoër as R116/kg behoort te wees nie.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO